Erediens: 3de Sondag van die Lydenstyd - Oculi
Gelewer: 3de Maart 2024 in Kroondal
Preek: Lukas 19: 1-10 (AFR83)
Prediker: Dominee Dr. Anet Dreyer-Krüger

TEMA: OPDATERING 102: DIE SKRUMSKAKEL

INLEIDING

Gemeente, die vorige keer toe ek hier gepreek het, het julle Opdatering 101 ontvang. Ek hoop dat jy hierdie fokus-opdatering van die Skiër jou eie gemaak het en dat jy besig is om daadwerklik ‘n poging aan te wend om te fokus op die pad en nie die bome nie. Vandag gaan ons begin met Opdatering 102: Die Skrumskakel. Opdatering 102 is ‘n oordrag-opdatering. Voordat ons egter daarby kom, kom ons gaan kyk eers na Die Skrumskakel. Later sal al die dele van die legkaart wel vir jou ineenskakel.

Ek wil nou nie spog nie, maar al die jare wat ek al saam met my familie rugby gekyk het en self langs die sportveld na my broer en my man se wedstryde gekyk het, het ek nogal rugby leer ken... En nou wil ek julle ‘n ding oor rugby leer: rugby kan net gebeur as die bal van een persoon na ‘n volgende aangegee word. Ek dink nogal daar is ‘n paar rugbyspelers wat nie van hierdie reël weet nie. Maar kom ons gaan kyk nou in besonder na die skrumskakel. Vir hierdie inligting moes ek maar die wysheid van ‘n paar ware rugbykenners inroep. Ek het hulle gevra wat die hoofdoel is van ‘n skrumskakel op die rugbyveld. En almal van hulle het geantwoord: Net wat die woord sê: om die skakel te wees tussen die skrum en die agterlyn, om die bal so vinnig en akkuraat as moontlik vanaf die lynstaan of skrum by die agterspelers te kry, of in kort gesê: om die bal te versprei.

En die lewe werk ook so. Ons is eintlik almal skrumskakels in die spel van die lewe. Ons doel op aarde is onder andere om daar te wees vir mekaar, mekaar te ondersteun, vir mekaar goeie dinge aan te gee en dit te versprei. Maar ek dink dat ons nie meer weet hoe om spreekwoordelik te “pass” nie. Ons het so individualisties geraak dat ons dikwels vergeet het dat ons deel is van ‘n span, ‘n familie, ‘n gemeenskap. Geloof is onder andere om te weet jy is deel van ‘n span, al ken jy nie al die spelers nie. Tog lewe ons nie so nie, ons stamp teen mekaar en stoot ander uit die pad, want ons wil op ons eie bo uitkom. Maar in die proses verloor ons so baie. In plaas daarvan om op mekaar staat te maak, mekaar as spanlede te beskou, sien ons mekaar as teenstanders, opponente in ‘n spel waar elkeen vir homself is.

In een van die verhale van die Nuwe Testament kry ons die perfekte voorbeeld van so iemand. Saggeus was ‘n individualis, wat eintlik vreemd was in sy tyd. Vir die mense in die tyd van die Bybel was die gemeenskap en dit wat ander van jou gedink het, ontsettend belangrik, maar Saggeus het hom nie daaraan gesteur nie. Hy was die hooftollenaar. ‘n Hooftollenaar was amper soos vandag se belastinggaarders, en nie net enige belastinggaarder nie, hy was die Hoof belastinggaarder. Soos ons almal wat 'n salaris kry weet, hou niemand van die belastinggaarder nie!

Hy was ‘n Jood soos wat sy Joodse naam aandui, maar met die beroep wat hy beoefen het, het hy eintlik sy Joodse spanmaats verraai. Die Jode het hom beskou as 'n onrein heiden, want hy het met Romeinse geld gewerk. Die Romeinse muntstukke het die kop van die keiser agterop gehad, en elke keer as hy met hierdie munte werk, was dit vir die Jode asof hy die keiser self aanbid. Hy het die keiser help ryk word ten koste van sy eie nasie! En dit is nie al wat Saggeus onrein gemaak het nie!
Die gedeelte sinspeel daarop dat Saggeus ryk was, en dit nie altyd op 'n eerlike manier bekom het nie. Aan die einde van die gedeelte erken Saggeus dit ook. Ironies genoeg beteken die naam Saggeus, die regverdige! Saggeus was kort, nie net in postuur nie, maar klein in dit wat ander van hom gedink het! Veral die Jode het hom so ver as moontlik probeer vermy en geïgnoreer.

En toe gebeur daar iets in sy lewe wat sy spelpatroon heeltemal verander het. Kom ons gaan luister nou na die bekende verhaal van Jesus en Saggeus uit Lukas.

SKRIFLESING: Lukas 19: 1-10
[1]Jesus het in Jerigo gekom en was op pad deur die stad. [2]Daar was ’n man met die naam Saggeus, die hooftollenaar, ’n ryk man. [3]Hy het geprobeer om Jesus te sien, maar weens die skare kon hy nie, omdat hy te kort was. [4]Hy hardloop toe vooruit en klim in ’n wildevyeboom om Jesus te kan sien, want Hy sou daar verbygaan. [5]Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom: “Saggeus, kom gou af, want Ek moet vandag in jou huis tuis gaan.” [6]Hy het toe gou afgeklim en Jesus met blydskap ontvang. [7]Almal wat dit gesien het, het beswaar gemaak en gesê: “Hy gaan by ’n sondige man tuis!” [8]Maar Saggeus het opgestaan en vir die Here gesê: “Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug.” [9]Daarop sê Jesus: “Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom; ook hierdie man is ’n kind van Abraham. [10]Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.”

PREEK
Saggeus was nuuskierig om te sien hoe die man lyk waarvan almal vertel. Die naam van Jesus was op almal se lippe, almal het oor Hom gepraat en vertel dat Hy wonders doen. En nou probeer Saggeus tussen al die ander mense deur, hierdie ou te siene kry. Hy was egter in die eerste plek te kort, en die mense het so om hierdie Jesus saamgedrom dat hy Hom nie kon raaksien nie. In die tweede plek het baie min mense vir hom wat Saggeus is tyd gehad en daarom nie vir hom plek gemaak nie.

'n Belastinggaarder maak egter 'n plan! Saggeus besluit, as hulle nie vir hom wil kans gee om vir Jesus te sien nie, hy weet mos watter straat Jesus gaan vat op pad Jerusalem toe. En daar staan klomp wildevyebome langs die pad.
Hy gaan voor al die mense uithardloop en in 'n boom klim sonder dat iemand hom sien, en so gaan hy die beste uitsig van almal hê.

Saggeus het nooit eers kon droom dat iemand hom in die boom sou raaksien nie, wat nog van 'n ontmoeting met Jesus self! Maar onverwags, begin Jesus met hom, ‘n onrein tollenaar praat en hy noem hom op die naam! Hierdie man ken hom! As Jesus sy naam reeds ken, wat weet hy nie nog van hom af nie! Hy weet tien teen een ook van sy skelmstreke! Maar ten spyte hiervan sê Jesus vir hom: *“Saggeus, kom gou af, want Ek moet vandag in jou huis tuis gaan.”*

Hierdie man, Jesus, wat volgens baie mense die koning van die Jode is, die beste Jood, wil by die koning van die belastinggaarders, die slegste Jood, tuisgaan! Dis ongehoord! Geen ander Jood wou dan naby hom kom nie! Sy onreinheid sien baie as 'n aansteeklike siekte! Maar toe, in plaas daarvan dat Saggeus se onreinheid afvryf op Jesus, vryf Jesus se goedheid en omgee af op Saggeus.
“Hy het toe gou afgeklim en Jesus met blydskap ontvang.”

Niemand van ons weet wat in Saggeus se huis tussen hom en Jesus gebeur het nie. Ons weet net dat hierdie ontmoeting 'n totale draaipunt in Saggeus se lewe veroorsaak het. 'n Mens kan amper nie glo dat dit moontlik is nie. Die ryk, gehate tollenaar wat mense sonder enige gewete afgepers en bedrieg het, hy wat geen gevoel vir sy naaste gehad het nie, hoor wat sê hy nou. Spontaan reageer hy:
“Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug.”

Die Joodse wet het met afpersing net vereis dat 'n mens die bedrag aan die persoon van wie dit afgepers is teruggee plus 20% rente, en dat jy tog 'n bedrag vir die armes moet gee. Maar Saggeus onderneem baie meer as dit. Hy onderneem ook om te gee waar mense dit nie verwag het nie*. “Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug.”*

Wat het Saggeus se omdraai veroorsaak? Wat het Jesus nou eintlik gedoen om sy kop te swaai? Cap Watkins het gesê: “No act of kindness, no matter how small, is ever wasted.” Jesus het nie iets groots vir Saggeus gedoen nie. Jesus het nie vir Saggeus rykdom en eer gegee of aan hom hemel en aarde beloof nie. Hy was bloot goedhartig teenoor ‘n sondaar wat dit nie verwag het nie. Hy het iemand wat minderwaardig was in sy eie oë en in die oë van die gemeenskap, laat voel dat hy belangrik is, raakgesien word. Nie ‘n groot daad van goedheid nie, maar tog het dit ‘n wêreldse verskil gemaak, soveel so, dat Saggeus die individualis, Saggeus die selfsugtige, ‘n spanspeler geword het, wat goedheid aangee, selfs waar mense dit nie verwag nie. Hy het **Opdatering 102** van Jesus ontvang en ‘n skrumskakel geword. ‘n regte Faf de Klerk, sonder die skoppe agter die skrum natuurlik.

Die wetenskap het bewys dat wanneer jy iets goeds vir iemand doen sonder om iets terug te verwag, groot hoeveelhede van die hormoon oksitosien in jou brein afgeskei word. Oksitosien staan bekend as die goed-voel hormoon, daarom voel jy goed wanneer jy vir iemand iets goeds doen. Dit word ook afgeskei wanneer iemand aan jou iets goeds doen of wanneer jy onverwags ‘n goeie daad sien gebeur. Dit is hoe ons as mense eintlik ontwerp is om na mekaar om te sien en mekaar te help. Kom

ek gebruik ‘n voorbeeld. Jy stap in die straat en iemand se inkopiesakkie val voor jou op die grond. Sonder om te dink, help jy die persoon om sy kruideniersware op te tel. En die persoon antwoord met ‘n: Haai, baie dankie vir jou hulp! Jy en die persoon teenoor wie jy goedhartig opgetree het, voel goed daaroor. Net daarna wag jy om oor die straat te stap by ‘n voetoorgang en iemand sê vir jou: Ek het gesien wat jy daar gedoen het, dit was gaaf van jou. En ek wed jou, daardie persoon sal waarskynlik nog daardie selfde dag iets goeds doen vir iemand anders, net omdat hy daardie dag gesien het hoe iemand iets goeds vir ‘n ander persoon gedoen het. Verbeel jou net wat sal met hierdie wêreld gebeur as ons die opdatering doen en onsself daarop toelê om elke dag iets goeds vir iemand te doen sonder om enigiets terug te verwag. Maar dan moet dit opreg wees, absoluut sonder bybedoelings of voorwaardes.
Verbeel jou net wat sal gebeur by jou werk, by jou skool, by die huis, tussen jou vriende en familie as elkeen van ons hierdie opdatering deel van ons lewe maak, as ons Jesus se goedheid begin aangee.

En vandag gaan ons fisies ‘n simbool van Jesus se goedheid en genade ontvang by die Nagmaal. Christus gee eintlik vandag weer soos aan die kruis sy liggaam en bloed vir ons aan, nie sodat ons dit vir onsself moet hou nie. Die brood en wyn as simbool van God se genade, vergewing en liefde, mag nie in ons hande bly nie! Jesus wil vandag by die Nagmaal weer ons ganse uitkyk op die lewe opdateer: vanaf ‘n Saggeus-mentaliteit waar jy alles selfsugtig teen jou bors hou, na ‘n Skrumskakel-mentaliteit – gee aan, gee weg, gee terug! Jesus plaas vandag die bal in jou hande, Nee, hy plaas die brood van die Ewige Lewe in jou hande! Jesus sê ook vir jou vandag: Liewe sondaar daar bo in die boom, jy wat dalk anoniem net wil toekyk en nie wil betrokke raak nie - Ek sien jou raak, jy is vir my belangrik. Ek het vir jou gesterf sodat jy kan besef hoe belangrik jy vir my is. Ek wil in jou huis ingaan, ek wil aan jou tafel sit, ek wil saam met jou kuier omdat ek vir jou lief is. “Ek moet vandag in jou huis tuis gaan... Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.”

Gaan jy soos ‘n regte individualis hierdie redding, hierdie bal vir jouself hou? Of gaan jy saamspeel, die bal aangee, God se genade, vergewing en redding aangee vir mense wat dit nie verdien of verwag nie en so, dalk die wêreld verander, een aangee op ‘n slag? Gaan jy ‘n skrumskakel wees? Die bal is in jou hande. Die Brood van die Ewige Lewe is en jou hande...
Amen